higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 3

(2020023)

21 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

LET WEL: **Hierdie vraestel moet in kleur gedruk word sodat die grafika duidelik sigbaar is om behoorlik deur kandidate ontleed te word.**

380Q1N2421

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Punte sal nie vir eenwoord-antwoorde toegeken word nie, tensy die vraag dit spesifiek vereis.
5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan ‘n vraag moet spandeer.
6. Gebruik slegs swart of blou ink. (Gebruik ‘n potlood of kleurpotlode vir die tekeninge/illustrasies.)
7. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
8. Laat minstens DRIE reëls oop na elke vraag.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.13) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die korrekte dpi en kleurkode om ‘n e-poshandtekening te ontwerp, is …

A CMYK, 150 dpi.
B RGB, 72 dpi.
C CMYK, 300 dpi.
D CMYK, 72 dpi.

1.2 ‘n Tegniek wat die beste met pastelle en kryte werk, is …

A optiese vermenging.
B naasmekaarstelling (jukstaposisionering).
C sgraffito.
D vermenging.

1.3 ‘n Ontwerpproduk kan op grond van sy F.A.C.E.-waarde geëvalueer word. Watter een van die volgende woorde beskryf die akroniem verkeerd?

A Funksie (‘Function’)
B Estetika (‘Aesthetic’)
C Konsep (‘Concept’)
D Ekonomie (‘Economics’)

1.4 In fotografiese manipulasie, wat doen ‘n vlek-korrigeerder (‘blemish fixer’)?

A Verwyder letsels
B Maak tande witter
C Maak bloedbelope oë witter
D Laat ‘n persoon maerder lyk

1.5 Die gewildste element van multimedia is …

A teks.
B beelde.
C klank.
D filmgrepe.

1.6 Die mees algemene verpakkingsmateriaal is …

A karton.
B glas.
C sneespapier.
D plastiek.

1.7 Die korrekte dpi en kleurkode om ‘n plakkaat in te druk, is …

A CMYK, 150 dpi.
B RGB, 180 dpi.
C CMYK, 300 dpi.
D RGB, 350 dpi.

1.8 Grotbewoners het … jaar gelde begin om stories op grotte te skilder.

A 3 000
B 30 000
C 300 000
D 300

1.9 Watter instrument word gebruik om lig by onderbeligte areas in ‘n foto te voeg?

A Brandinstrument
B Vulflits
C Towerstokkie
D Kontrasskuiwerinstrument

1.10 Die hoof- of meesterlêer waar jou animasie gestoor sal word, is …

A AS.
B MPE.
C WAV.
D FLA.

1.11 Die … -kieskaart is waarheen jy sal gaan indien jy die stellings en voorkeure wil verstel.

A kyk
B redigeer
C invoeg
D lêer

1.12 Watter een van die volgende is nie ‘n program wat gebruik kan word om aanbiedings te ontwerp nie?

A Keynote
B Flash
C Kentli
D PowerPoint

1.13 Die denkbeeldige lyn waarop alle karakters sit, word die … genoem.

A stamlyn.
B mediaan/middellyn.
C daallyn.
D grondlyn.

(13 × 1) **[13]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 In Middeleeuse Europa was tapisserieë ‘n gewilde manier om stories te vertel.

2.2 ‘n Potloodinstrument het nie ankerpunte nie.

2.3 HDR is ‘n proses om foto’s van tonele met hoë kontras te skep.

2.4 Tweepuntperspektief is twee lyne wat reghoekig teenoor mekaar staan.

2.5 Braille is ‘n skryfstelsel wat gebruik word deur aan kolletjies wat opstaan, te voel.

2.6 Nasporing is die spasies tussen twee letters.

2.7 Sagte fokus is ‘n effek wat deur ‘n lensgebrek veroorsaak word.

2.8 ‘n DVD is ‘n eksterne stoortoestelsel.

2.9 Flash kan gebruik word om besigheidskaartjies te druk.

2.10 Sydelings is ‘n lyn wat nie daar is nie.

2.11 ‘Tweening’ is wanneer jy ‘n foto van ‘n persoon in Photoshop redigeer.

2.12 Primêre kleure is geel, rooi en groen.

2.13 Daar is drie tipes lineêre perspektief.

2.14 Die oogdrupperinstrument word gebruik om rooi oë wat deur ‘n kameraflits veroorsaak word, te verwyder.

2.15 Uitsny-animasie is ‘n unieke soort stop-bewegingsanimasie.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Hoëhoek-skoot	A	Die term wat gebruik word om die dikte van papier te beskryf
3.2	Vlek ('Blemish')	B	Om in 'n leer as 'n noodsaaklike element van 'n dokument te hou
3.3	Dadaïsme	C	'n Krapplek op fotosensitiewe film
3.4	Ondeursigtig	D	'n Merk op iets wat die voorkoms daarvan bederf
3.5	Vaslegging	E	'n Ongeredigeerde video-lêer
3.6	Haal	F	Die dik lyn wat die hoofdeel van die karater vorm
3.7	gsm	G	Merke wat met 'n kwas gemaak word
3.8	Koppelvlak	H	Verf wat nie lig deurlaat nie. Donker en dof
3.9	Sinteties	I	Kamera kyk af op 'n persoon
3.10	DTP-sagteware	J	Word gebruik om animasies te skep
		K	Help jou om die aksie vanuit 'n karakter se perspektief te sien
		L	'n Teenoorlog-kultuurbeweging wat in Zürich begin het
		M	Interne geheuetoestelle wat groot hoeveelhede data kan stoor
		N	Ontwikkel of kunsmatig gemaak
		O	Stel ontwerpers in staat om teks en beelde te manipuleer
		P	Proses om met karton te verpak
		Q	Die basis waarop 'n program se kieskaarte uitgelê is

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

Tannin; Mavica; 4D-ontwerpe; 1450's; foto's; 'verminder, hergebruik, herwin'; visuele ingesteldheid; Logitech Dycam model 1; papirus; Pergamum; 2D-animasies; jukstaposisie; bio-afbreekbaar; collage; nywerheidsrewolusie; assemblage

4.1 Adobe Flash word gebruik om hoëgehalte-… te skep.

4.2 The Sony Corporation het die eerste digitale kamera ontwikkel, naamlik die … .

4.3 … is 'n beeldhouwerk-komposisie wat uit 'n rangskikking van gevonde voorwerpe bestaan.

4.4 Ontwerpers moet die frase … in gedagte hou wanneer hulle verpakking ontwerp.

4.5 … beteken om dinge lang mekaar te plaas om kontras te skep.

4.6 … is 'n plant wat in Egipte groei en waarvan 'n papieragtige materiaal gemaak word.

4.7 … was 'n tyd in die geskiedenis toe groot veranderings in vervaardiging plaasgevind het.

(7 × 1) **[7]**

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B

VRAAG 5

Bestudeer die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae wat volg:



Hierdie koffietafel bestaan uit ou palletborde. Dit is goedkoop en word uit afvalmateriaal gemaak. Die tafel verkoop vir R3 000.

[Bron: *https://www.thefashionablehousewife.com/*]

5.1 Gebruik die F.A.C.E-metode om die produkontwerp hier bo te evalueer.(4 × 2) (8)

5.2 Noem VIER prosesse wat ontwerpers kan gebruik om idees te ontwikkel. (4)

5.3 Teken DRIE vierkante van 8 cm × 8 cm in jou ANTWOORDBOEK.

Teken in elke vierkant 'n vinnige skets om jou begrip van aftrekking ('subtraction'), weglating ('omission') en herhaling ('repetition') te toon.

Gebruik die beeld hier onder vir jou sketse:



[Bron: *stock@adobe.com*]

(3 × 2) (6)


5.4 Verduidelik die volgende terminologie wat met multimedia verband hou. Gee voorbeelde waar moontlik.

5.4.1 Biskaart- en vektorgrafika (2 × 2) (4)

5.4.2 Nutsbalke en instrumente vir Flash (1 × 1) (2)

5.4.3 Beeldlêers (3)

5.5 Hier onder is ‘n voorbeeld van ‘n sjabloon vir ‘n hamburger-houer:



[Source: *https://za.pinterest.com/*]


Teken die sjabloon in jou ANTWOORBOEK oor (12 cm x 12 cm) en ontwerp ‘n verpakkingsetiket vir ‘n nuwe wegneemhamburger-onderneming genaamd **Laduma**.

- Voeg beelde by.
- Al die nodige inligting wat op die houer moet wees, moet ingesluit word.
- Jy kan die beeld van die hamburger as inspirasie gebruik.

Jy sal op kreatiwiteit en jou begrip van verpakkingsontwerp geassesseer word. (9)

5.6 Gee VIER redes waarom ‘n wegneemhamburger in hierdie tipe verpakking verkoop word. (4)


5.7 Hier onder is ‘n plakkaat van die Lego-maatskappy. Deur slegs slim ontwerp te gebruik, dra hulle ‘n boodskap aan hul klante oor om aan te dui watter uitwerking Lego op breinontwikkeling het.



[Bron: *https://thisisnotadvertising.wordpress.com/*]

Ontwerp jou eie plakkaat met ‘n soortgelyke boodskap, naamlik dat Lego goed is vir jou, en televisie sleg. Teken ‘n blok van 9 cm × 19 cm in jou ANTWOORDBOEK. Skep jou plakkaat in hierdie spasie.

Jy kan die volgende beelde as inspirasie gebruik.



[Bron: *shutterstock.com, youtube.com*]

(8)

5.8 Verduidelik kortliks wat die doel van die volgende digitale intrumente is:

5.8.1 Oogdrupperinstrument

5.8.2 Gradiëntinstrument

(2 × 2) (4)

5.9 Noem VYF verskillende kleure wat jy in jou ontwerpe kan gebruik. (5)

[57]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die verskil tussen die Blackletter lettertipe en die Modern lettertipe. (Gebruik ‘n illustrasie of voorbeeld om jou antwoord te staaf.) (4)

6.2 Bestudeer die beeld van die portretfoto hier onder:



[Bron: *youtube.com*]

Verduidelik watter instrumente en tegnieke in Photoshop jy sal gebruik om ‘n landskapfoto te retoesjeer (by te werk). Verwys na minstens VYF instrumente of tegnieke. (5 × 2) (10)

6.3 Noem TWEE lêertipes wat vir digitale illustrasies en logo’s gebruik kan word. (2)

6.4 Noem enige VIER programme wat vir klankprogrammering gebruik kan word. (4)

6.5 Verduidelik kortliks waarom dit belangrik is dat ‘n ontwerper moet kan teken.

6.5.1 Gee DRIE redes. (3)

6.5.2 Bewys jou tekenvaardighede deur ‘n vinnige lyntekening van ‘n potlood of pen te maak. (3)

6.6 Noem VYF basiese beginsels van animasie. (5)

6.7 Verduidelik kortliks die beginsel van *balans*, met verwysing na ontwerp. (3)

6.8 Identifiseer die volgende fotografiese tegnieke en verduidelik hoe elkeen geskep is.

6.8.1



[Bron: *pinterest.com*]

6.8.2




[Bron: *https://www.befunky.com/learn/geometric-sha*]



[Bron: *https://portraitsrefined.com/*]

(3 × 2) (6)

6.9 Die doel van ‘n briefhoof is dat ‘n maatskappy se kliënte dit kan identifiseer. Hier onder is ‘n voorbeeld van ‘n oninteressante briefhoof.



[Bron: *shutterstock.com*]

Herontwerp die briefhoof vir die Hexagon Corporation, wat in finansiële portefeuljes spesialiseer.

- Teken ‘n blok van 10 cm × 20 cm in jou antwoordboek om vir jou ontwerp te gebruik.
- Sluit al die relevante inligting in.

Moenie die styl in die voorbeeld hier bo naboots nie. (8)
[48]

TOTAAL AFDELING B: 105
GROOTTOTAAL: 150